Die vraag, hoe gemeentes van die Ned. Geref. „Moeder“-kerk en die dogtergemeentes van die Sendingkerk kontak met mekaar kan behou, is vandag vir die hele kerk baie aktueel.

Dit is eintlik ons Afrikaanse kerke, en meer bepaald die Moederkerk wat in die jongste tyd — ons kan sê oor die afgelope dekade — verskeie belangrike uitsprake gedoen en besluite geneem het en daarmee onomwonde bewys het dat hy hieroor bekommerd is en baie ernstig reeds daarvoor besin. Vir my is dit 'n bewys dat die Moederkerk as geheel maar te bewus geword het van die feit dat met die selfstandigwording van die dogterkerk en met die landsbeleid van afsonderlike ontwikkeling en wat dit alles behels, kontak tussen die twee kerke al meer en meer begin uitsterf. Dat daar verwydering en selfs skeiding gekom het tussen die twee kerke, wil niemand seker betwis nie.

## HISTORIESE AGTERGROND

As ons die historiese agtergrond van die kerk so ligweg moet skets, dan vind ons dat in die vroegste jare (d.w.s. kort na die volksplanting aan die Kaap) daar slegs een kerk was. Bekeerlinge uit die gekleurde volke is by die kerk ingeskakel. Eredienste is gesamentlik bygewoon. Die sakramente (Nagmaal en Doop) is gelyktydig gehou. Teen die einde van die 18de eeu, plus minus 150 jaar na die aankoms van Van Riebeeck, is daar eers met afsonderlike bearbeiding begin; dog hierdie mense bly steeds die lidmate van die Moederkerk. Hierdie stap is seker om praktiese redes gedoen. Ek haal hier aan 'n baie insiggewende besluit van die eerste Ringsvergadering van Kaapstad.

„Dat men volgens de leer des Bijbels en den geest des Christendoms verplicht is zoodanige perso-

nen tegelyk met geboren Christenen tot het Avondmaal toe te laten“.

Die Sinode van 1829 staan daarop dat die Nagmaal gelyktydig gevier moet word sonder dat daar tussen lidmate onderskeid gemaak mag word op grond van kleur of afkoms. Agt jaar daarna versoek die Sinode dat daar genoeg sitplekke vir heidene gelaat sal word wat die kerk mag besoek. Hieruit kan sonder enige sweem van twyfel die gevolgtrekking gemaak word dat daar dus in die jaar 1837 nog geen afsonderlike aanbidding was nie. Daar was dus nog geen skeiding nie.

Dit was in die jaar 1855 dat daar in die gemeente Stockenström in die Oostelike Provinsie probleme ontstaan het. Die oorspronklike gemeente het uit Kleurlinge bestaan. 'n Paar blanke lidmate wat hulle by die gemeente gevoeg het, het daarop aangedring — om watter redes weet ek nie — om afsonderlik met die Nagmaal bedien te word. Dit het egter die Kerkraad in 'n geweldige verleentheid geplaas omdat so 'n versoek vir hulle eenvoudig in stryd was met die Nagmaalsformulier, die geloofsartikels en sekere Skrifgedeeltes. Die saak het voor die Ring van Albanie gediens en die aanbeveling is gemaak dat die Kleurlinge eers afsonderlik bedien sal word en daarna die blankes. Voorwaar 'n baie ingrypende besluit, want dit raak 'n gebruik wat oor 'n tydperk van ongeveer 200 jaar in swang was. Honderd en tien jaar gelede, in die jaar 1857, neem die Sinode die volgende besluit:

„De Synode beschouwt het wenschelijk Schriftmatig, dat onze ledematen uit de heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan, maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Chris-

tus onder de heidenen, in den weg zouden staan, de gemeente uit de heidenen opgericht, of nog op te richten, hare Christelijke voorrechten in een afzonderlijke gebouw of gesticht genieten zal“.

Wat bewys dit nou vir ons? Seker net dit, dat die Sinode die standpunt inneem dat daar geen Skriftuurlike gronde vir skeiding is nie maar wel praktiese gronde.

In die jaar 1803 het die kerkraad van die Paarl soos volg besluit:

„Een eigen Oefenmeester in de Contry aan te stellen om de slaven te onderwysen“.

As oefenmeester het hom aangebied die heer Daniel le Roux „mits alle beletselen mochten weggenomen“. In 1819 het oefenmeester Le Roux „aan de gouverneur een request gezonden om een stuk land, ten einde er zoodanig gebou op te stichten om de slaven en de heidenen in de Christelijke religie te onderwysen“. Hier het ons dus weer 'n stap weg van die kerk af. Daarop het Lord Charles Somerset magistraat Van Ryneveld gestuur om die grond te gaan besigtig en op laasgenoemde se aanbeveling is dit „frank en vrij geskonken“. Die kerkgebou is opgerig, en op 18 September 1820 is die inwydingsrede deur ds. Gebhard van die Paarl gehou. Dit is die kerkgebou te Wagenmakersvallei (Wellington) wat onlangs tot historiese monument verklaar is.

Hierdie stap van die Paarlse moedergemeente (Strooidak) het dan ook gelei tot die stigting van die N.G. Sendingkerk te Wellington in 1881. Ek kom later weer hierby terug.

Ek roep hier net baie kortliks in herinnering hoe die sendingwerk in die Paarl self begin het. Die Franse vlugteling het eintlik die eerste sendingwerk hier onder die slawe begin. In 1820 het reeds 'n plaaslike sendinggenootskap bestaan onder die naam „De Paarlse Medewerkend

Zendinggenootskap". In hierdie jaar het die Londense Sendinggenootskap die werk oorgeneem, 'n gemeente gestig en die eerste slawe gedoop. In 1898 het die grootste gedeelte van die gemeente besluit om by die jong N.G. Sendingkerk aan te sluit. Vandag is dit bekend as die Zionsgemeente. Die ander deel het by C.U.S.A. aangesluit.

Die **Immanuelgemeente** het so ontstaan: Toe Paarl nog maar een gemeente was (Strooidak), is in die noordelike deel van die dorp 'n kerkgeboutjie opgerig met die naam van „Het Gesticht". Hier het blanke en Kleurling-lidmate van die Strooidakgemeente saam aanbid. Verskeie leraars het die gemeente bedien, t.w. eerww. J. W. van der Bos, D. S. Botha, G. J. Willemse, D. J. de Villiers. Eers in 1908 is eerw. D. C. Theron as leraar beroep om meer bepaald onder die Kleurlinge te werk. Dit was nog 'n stap weg van die Moederkerk af. In die doop-, lidmaat- en huweliksregister van die Strooidakkerk sal u name vind soos Kearns, Fortuin, Cornelissen, Carolissen, Cupido, Martin, ens., ens. — almal Kleurlinge.

### STIGTING VAN DIE N.G. SENDINGKERK

Om terug te kom by die stigting van die N.G. Sendingkerk. Vanaf hierdie datum (1881) het, wat my betref, kontak tussen blanke en Kleurling Christene moeiliker begin word en het hul weë al verder van mekaar begin loop. Dit is 'n voldonge feit dat geestelike gemeenskap met mekaar iets van die vervloë verlede is. Ons leef by mekaar verby. Ons weet weinig, of in die meeste gevalle niks, van mekaar. Die belangstelling in mekaar is nie daar nie. Daardie warme wedersydse liefde wat tog immers die verhouding tussen die „moeder" en die „dogter" behoort te kenmerk, is net nie daar nie. In werklikheid is dit 'n soort stiefmoeder-stiefdogter-verhouding.

### KONTAK: OP WATTER VLAK?

Ek voel verheug oor die feit dat die Strooidakkerk kontak wil behou. Die woordjie „behou" sê vir my dat daar nog 'n mate van kontak veronderstel word. Maar die vraag is: Kontak op watter vlak? Tussen die leraars? In 'n mate, ja. En as dit oor hierdie kontak gaan, is daar, wat my betref,

geen probleem dat dit behou kan word nie. Dit is egter net baie beperk. Gaan dit oor die waarneem van preekbeurte deur die leraars van die Moederkerk in die dogterkerk? Nou onlangs nog het daar van ons kant so 'n versoek uitgegaan. Is dit miskien die kontak deur die finansiële steun wat Zionskerk tot September verlede jaar ontvang het? Wel, dit was die Moederkerk self wat hierdie band gebreek het. Volgens my beskeie mening het die Moederkerk hier beslis 'n groot fout begaan. Nie dat ons nie daarsonder kan klaarkom nie, maar uit 'n brief wat Zionskerkraad van Strooidakkerk ontvang het, kon afgelei word dat die Moederkerk moontlik vir die **man** bygedra het en nie vir die **saak** nie. Ons baseer ons gevolgtrekking daarop dat dit reeds in ander gemeentes gebeur het. Aan die goeie gesindheid van die Zionskerk teenoor die Strooidakgemeente sal dit wel niks verander nie, maar niemand sal ons dit kwalik neem as ons met groter intensiteit die gemeente tot groter finansiële selfstandigheid probeer lei nie. Aan die Here al die dank en eer dat ons in die afgelopen paar maande so ver op hierdie pad gevorder het dat ons, as ons die huidige tempo van ons inkomste kan handhaaf, aan die einde van die jaar ons skuld uitgewis sal sien en ook in staat sal wees om 'n medeleraar te beroep sonder enige finansiële hulp van buite. Hierdie band is, soos ek dit sien, vir eers gebreek en straks vir goed gebreek. Die Moederkerk het hom gebreek, en nie ons nie.

Ek vra weer: Watter kontak tussen die „moeder" en die „dogter" is dit wat behou moet word? Of gaan dit oor nuwe kontakte wat gemaak moet word? Hoe dit ook sy, die Sendingkerk en m.n. Zionskerk se deure staan oop, wawyd oop vir die Moederkerk. Die Sendingkerk se hand het hy nog nie teruggetrek nie, al het die moeder dit in baie opsigte reeds gelos. Die Kleurling is in die war. Hy weet nie waar hy aan en waar hy af is nie. Dit deur omstandighede wat grotendeels deur die moeder geskep is.

By die lidmaat van die Sendingkerk is daar bv. nie die kleurvooroordeel wat daar by so baie blanke Christene is nie. Dit is die Moederkerk wat die hand weer moet vat. Die Sendingkerk kan nie die inisiatief neem nie. Dit kan verkeerd vertolk word, miskien as voorbarigheid.

Dit moet onthou word dat die Sendingkerk al 'n taamlieke groot

dogter is. Zionskerk is 'n tipiese voorbeeld hiervan. Die dogter is al byna mondig. Sy het al sowat 50 van haar eie seuns opgelewer vir die bediening. Op kulturele, sosiale en ekonomiese gebied het baie van haar kinders al reeds ver gevorder. Sy het ook talle toegewyde en opregte Christene. In Zionsgemeente het ons 'n kerkraad waarvan sommige van die lede intellektueel ver ontwikkel is (vyf is onderwysers) en baie aktief ingeskakel is in die werksaamhede van die gemeente. Baie van ons lidmate het 'n diepe insig in geestelike sake en 'n voorliefde vir die Woord van God. Wat Zionskerk betref, is ek daarvan oortuig dat niks in die weg gelê sal word na nouere kontak met mekaar nie. Ons is nie antagonisies teenoor die lede van die Moederkerk nie.

### GEESTELIKE GEMEENSAP

Die Sendingkerk bevraagteken egter die soort kontak wat daar tot nogtoe tussen die twee kerke was, nl. kontak slegs tussen die leraars wedersyds, kontak waar daar finansiële hulp aan die Sendingkerk verleen word of waar daar van die kant van die Moederkerk met basars gehelp word. **Die Sendingkerk voel dat waar dit om die wese van die kerk gaan, die allerbelangrikste, nl. geestelike gemeenskap, buite rekening gelaat word.** En waar dit wel beoefen word, is dit nog net altyd die moeder wat na die dogter kom maar nooit die dogter na die moeder nie. Daar word reeds vandag grappenderwys in die Sendingkerk gesê: „Ons het darem 'n baie snaakse moeder wat na die dogter toe kom, maar die dogter mag nie na die moeder toe gaan nie!" Onlangs het ek 'n gemeentesuster die opmerking hoor maak: „Die Vroue Sendingbond hou met ons konferensie in ons kerk, maar nooit gaan ons na hulle nie".

Met die bevestiging van leraars in die Sendingkerk sal die Moederkerk altyd en oral deur die dogter geken word. Maar ek weet nie van een geval waar die Moederkerk al ooit 'n Kleurlingleraar na so 'n plegtigheid uitgenooi het nie. Dit is tog goeie gebruik dat as ek genooi word, ek ook weer sal uitnoui.

### GEEN VRYMOEDIGHEID

Mag ek dit beklemtoon dat die dogter nie vrymoedigheid het tot toenadering nie? Hierdie stelling van



my kan ek staaf met etlike voorbeelde.

● (i) 'n Blanke sendeling word bevestig in 'n sendinggemeente. Die konsulent is 'n Kleurlingeraar. By eersgenoemde se ontvangs in die Moedergemeente, soos die gebruik is, word die voorsitter van die Ring, wat 'n blanke is, genooi; maar nie die konsulent nie. Na die onthaal in die Sendingkerk, wat gewoonlik die volgende dag gehou word, word nie slegs die predikant van die Moederkerk uitgenooi nie maar ook die hele gemeente.

● (ii) In 1965 kom 'n sekere sendeling in 'n motorongeluk om. Die begrafnisdiens word in die Moederkerk van die betrokke dorp gehou. Twee van dieselfde Ring se leraars is Kleurlinge. Hulle, tesame met 'n Kleurlingeraar uit 'n ander Ring (wat uit belangstelling na die begrafnis gegaan het) en die Sendinggemeente van die afgestorwe leraar, is verbied om selfs op die kerkgronde te kom. Dit is aan my vertel dat 'n polisie-konstabel hierdie leraars en gemeentelede van die kerk se hek af na die ander kant van die straat gedrywe het ten aanskoue van ander blanke sendelinge.

● (iii) Dit het ook in 1965 plaasgevind. Ek telefoneer 'n sekere dominee van 'n moedergemeente in die Paarl om 'n afspraak met hom te maak. Hy was egter nie tuis nie en sy vrou beantwoord die telefoon. Ek deel haar toe mee wie ek is en dat ek graag haar man wou spreek. „Kom maar so elfuur se kant, dan sal hy tuis wees”, antwoord sy. Drie minute voor elf lui ek die deurklokkie. Die bediende maak die deur oop en op dieselfde tydstip maak Mevrouw ook haar verskyning. „Dit is seker jy wat netnou gebel het”, val sy toe weg.

„Ja, Mevrouw”, sê ek.

„Nou ja, gaan wag maar solank daar in die straat. My man is nog nie tuis nie.”

● (iv) 'n Seun van die Sendingkerk wat predikant is in een van ons gemeentes tree verlede jaar in die huwelik. Hy vra 'n leraar van die Moederkerk om die huwelik te bevestig en dan somer ook die heildronk in te stel. 'n Blanke paar uit die moedergemeente wou ook graag die huwelik bywoon. Met baie moeite moes daar vir vier mense eers 'n permit verkry word.

### EEN KERK

Die dogter word groot. Binne afsienbare tyd sal sy nie meer die

moeder as moeder sien nie, maar wel as suster. Net soos Liza Doolittle in Shaw se *Pygmalion* die ontdekking gemaak het dat daar nie meer enige verskil tussen haar en leermeester prof. Higgins op sosiale gebied bestaan nie en die skoen na sy kop geslinger het, so begin die Ned. Geref. Sendingkerk stadigaan besef dat hy die Moederkerk binnekort op gelyke vlak sal ontmoet. Daar is in werklikheid geen verskil tussen die Moederkerk en die Sendingkerk nie. Ons gebruik dieselfde Bybel en dieselfde voertaal, ons staan op dieselfde belydenisgrondslag en ons gebruik dieselfde liturgiese formuliere. In hoofsaak is ons kerkdienste volgens dieselfde patroon ingerig. Daar is meer as genoeg dinge wat ons met mekaar gemeen het om nadere kontak prakties uitvoerbaar te maak. Al sal ons twee kerkrade eers net saam kom om saam te bid, het ons al ver gevorder.

### KERKLIKE BESLUITE

Dat die Christelike kerke toenadering tot mekaar soek, is 'n voldonge feit. Daar is 'n **ekumeniese beweging** dwarsdeur die wêreld. In 1956 het die **Raad van die Ned. Geref. Kerke** in 'n beleidsverklaring wat hy uitgereik het, o.m. die volgende gesê: Waar die historiese ontwikkeling op sendinggebied deur die eeue onder die druk van omstandighede tendense van on-Christelike eksklusiwisme vertoon en só die beoefening van ware Christelike gemeenskap tussen Christene van verskillende rasse belemmer het, het dit geskied nóg deur kwaadwillige gesindheid teenoor nie-blankes, nóg met die goedkeuring van die amptelike leiding van die Kerk, maar moet dit gesien word as die resultaat van onbeheerbare omstandighede en van algemene menslike swakheid.

Ons kan sê dat die Raad by implikasie vir **geestelike gemeenskap** pleit terwyl hy ruitelik erken dat dit skadelik gelyk het.

Die **Gereformeerde Ekumeniese Sinode**, Potchefstroom 1958, het soos volg besluit: Nouer samewerking op die terrein van kerklike vergaderings en besprekings moet gesoek word, en die kerk moet deur sy lering en voorbeeld sy lede opvoed en voorberei vir die beoefening van Christelike gemeenskap met gelowiges uit ander rasse.

In 1960 het die **Uniale Sendingkongres**, gehou te Kroonstad, die vol-

gende besluit geneem: „Die Kongres neem met dankbaarheid kennis van die geleentheid wat daar telkens kom vir samesprekings tussen moeder- en dogterkerke en versoek die verantwoordelike kerkbesture om meer sulke geleentheid te skep. Sulke geleentheid kan gevind word in gesamentlike konferensies, biddae en byeenkomste vir onderlinge versterking en spesiale geleentheid wat in 'n plaaslike gemeente mag voorkom”.

In dieselfde jaar word op die **Kerkeberaad te Cottesloe** besluit: Niemand wat in Jesus Christus glo, mag uitgesluit word uit enige kerk op grond van sy kleur of ras nie. Die geestelike eenheid van alle mense wat in Christus is, moet sigbaar tot uiting kom in handeling van gemeenskaplike aanbidding en getuienis, in gemeenskap en konsultasie oor sake van gemeenskaplike belang.

Ons weet natuurlik dat die Ned. Geref. Kerk hom nie wou vereenselwig met die besluite van Cottesloe nie, maar slegs 'n jaar later, in 1961, neem die **Kaapse Sinode** die volgende besluit: „Die Sinode wil dan ook alle gemeentes van ons kerk aanmoedig om, met die nodige versigtigheid en Christelike liefde, weë te soek waarlangs ons as Christene en lidmate met dieselfde belydenis mekaar beter kan leer ken en beter kan leer saamwerk en kan leer saambid in belang van Gods koninkryk”.

### ONRUSTIG

Dat die kerk, en m.n. die Ned. Geref. Moederkerk onrustig is oor die geleidelike skeiding wat daar tussen „Moederkerk” en „Dogterkerk” aan die kom is, ly geen twyfel nie. Die kerk moet daarvoor onrustig wees as hy hom die naam van kerk waardig ag. Hy kan nie anders nie, want hierdie skeiding werk die verbokkeling van die liggaam van Christus in die hand. Is hierdie skeiding dan nie in stryd met ons kerk se belydenis nie, wat lui: Ons glo in die gemeenskap van die heiliges? Is dit nie ook in stryd met die Nagmaalsformulier nie? „Want soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word, en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn en drank vloei, en tot een vermeng word, net so sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is, deur broederlike liefde om Christus ons lieve Saligmaker ontwil, wat ons tevore so uitnemend liefgehad het, almal saam een

liggaam wees, en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys".

As daardie gemeenskap dan net eendag in die hiernamaals moet plaasvind, wat dan van ons lewe op hierdie aarde? Kan ons 'n woord wat so duidelik op ons lewe hier betrekking het, werklik met soveel gemak in die hiernamaals wegpraat? Ons mag die beoefening van wedersydse geestelike kontak sekerlik nie op so 'n manier as 'n „eskatologiese leerstuk" benader nie.

Daar word gepraat van 'n Blanke volk, 'n Indiërvolk, 'n Kleurlingvolk en 'n Bantoevolk. Maar wie is dan die Christenvolk? Is dit dan 'n verdeelde volk volgens die patroon van afsonderlike etniese groepe?

### VERTOONVENSTER VIR BUITEWÊRELD?

Die N.G. Sendingkerk is geen eksperiment nie. Hy is ook nie bedoel om soos Liza Doolittle 'n weddenskap mee te wen nie. Hy is ook geen vertoonvenster om vir die buitewêreld te wys wat vir die inheemse volke op kerklike gebied gedoen word nie. Die N.G. Sendingkerk is 'n deel, 'n baie belangrike deel van die gemeente van Jesus Christus wat Hy met sy bloed vrygekoop het.

Wat sê die Heilige Skrif, wat tog enigsins die norm is (of behoort te wees) van ons Christelike handelinge, hieromtrent? In I Pet. 2:9 lees ons: „Julle is 'n uitverkore geslag, 'n

koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig". Alle Christene behoort tot die familie van Christus, so verneem ons in Matt. 12:50: „Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder". In Jesus se Hoëpriesterlike gebed in Joh. 17, is dit veral die woorde van vers 21 wat ons daaraan herinner: „Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het".

### „BRÛE"

Daar word heeldag gepleit dat daar brûe gebou moet word tussen die verskillende bevolkingsgroepe. Wanneer bou jy dan 'n brug? Dan nie wanneer jy 'n skeiding wat daar is, wil oorbrug nie? En het ons nie brûe nodig vir die skeidings wat ons self gemaak het nie? Deur wetgewing word ons geografies, sosiaal en geestelik van mekaar geskei. Die Kleurling-gelowiges wil veral geestelik met die blankes verkeer. En omdat hierdie verkeer nie daar is nie, raak ons vervreemd van mekaar.

Nie uit pessimisme nie maar op grond van my waarneming van die feite wil ek beweer dat daar duidelike tekens is dat Moederkerk en Dogterkerk besig is om verder en verder van

mekaar af weg te drywe. Die Sendingkerk sal daardeur nader aan ander Christelike kerke beweeg, soos die Congregational-, Morawiese-, Metodiste-kerk en ander erkende kerke en kerkgenootskappe. Daar bestaan nou al reeds 'n noue samewerking tussen die Sendingkerk en hierdie kerke in baie dele van ons land. Dit is om baie redes net onvermydelik. Geografies leef ons in dieselfde gebiede, daar kom sake van gemeenskaplike belang, daar vind oor en weer trouery plaas, daar is sosiale omgang, ens.

### BID EN DOEN

Ek het onlangs met iemand oor hierdie aangeleentheid gepraat en sy mening was dat ons maar moet bid dat die Here die struikelblokke uit die weg mag ruim. Ek was dit egter nie met hom eens nie. By die opwekking van Lasarus het Jesus gesê: Neem (julle!) die steen weg. Daar is dinge wat die mens self moet doen. Christus sal sy deel doen, maar dit sal nie help om te bid as ons nie doen wat Hy vir ons sê om te doen nie.

Hoe kan ons kontak maak en behou? En hoe kan ons dit selfs uitbou? So kan dinge nie bly nie. Laat ons ons cers vergewis van die aard van die kontak wat ons wil hê en dan besluit of dit in belang van Gods koninkryk is. Daar sál offers geverg word. Is ons bereid om daardie offers te bring?

## Letters — Briewe

### ECUMENISM AND TRUTH

Mr. V. G. Davies, 89, Kloof Road, Sea Point, Cape Town.

I find it difficult to follow the argument put forward by Dr. W. B. de Villiers as explained in the summary of his article "Ekumene -- Op Voorwaarde" (June issue).

Surely there are certain truths, divinely revealed, which were committed to the Church at the beginning. The question therefore is: are

these divinely revealed truths known and taught today, or have they been lost sight of? If they are known today, then clearly they must be proclaimed and taught today, and this must be done even at the high cost of religious division, for it is hard to imagine that any Christian would want to suppress or compromise divinely revealed truth simply in order to attain an outward show of religious unity. On the other hand, if the truths committed to the Church at the beginning are not known today, then it would seem that another Revelation from God is necessary today in order to make them known! Study of Scripture, howsoever sincere, would not be sufficient to make them known because the

written word can so easily be differently interpreted, and we know from experience, and to our cost, that it is in fact interpreted in many different ways. The written word is dead until it has a living interpreter to bring it to life, and did not Christ give us that living interpreter when He founded His Church and commissioned it, with His full authority, to teach all nations? It seems to me, therefore, that the task and purpose of the ecumenical movement is primarily to lead us all to agreement as to the nature, function and essential teaching of the Church.

## FAITH AND TRADITION

Mr. Stephen Hayes, St. Chad's College, North Bailey, Durham City, U.K.

The comments of Mr. V. G. Davies on my article 'Faith and Superstition' call for further elucidation. Mr. Davies says he does not understand my statement that our faith was not given by Jesus to the apostles, and by the apostles to the bishops and clergy, and then handed down from generation to generation until it reached us. I would agree with Mr. Davies that living faith is not something we are born with, that it is not something which emanates from within the individual. I think that the reason for his misunderstanding is that he identifies faith with tradition. I think that tradition has a very important place in the Christian Church, but that it is not the same as faith, and that a distinction has to be made between the two.

Tradition is, by definition, what has been handed on from one person to another. The Christian tradition

is the Gospel, the good news about Jesus Christ. It is this proclamation of what God has done for the world in Jesus Christ that constitutes the Christian tradition. It is this that has been handed down through time, from the apostles to the bishops and from generation to generation until it reached us. The Bible is a part of this tradition, because this is how the Bible came to us. The tradition is handed on in space as well as in time, as Christians have spread throughout the world.

The Gospel which we have received is our tradition because we have received it, and this is the Gospel which we preach. But faith is not the Gospel, it is not the preaching of the Gospel, nor is it the handing on of the tradition. *Faith is our response to the preaching of the Gospel.* This response is not automatic, and it cannot be handed on or given to anyone else. At the same time, it is not something we can cook up for ourselves — it is a gift of the Holy Spirit — "for by grace ye have been saved through faith; and that

not of yourselves: it is the gift of God: not of works, that no man should glory." (Ephesians 2:8).

Faith is the act of believing. The Gospel is what is believed by the faithful. The superstition of which I wrote in my article can arise when the Gospel is no longer received with faith. When we look back on the Church in past ages, and we see that for people then Christianity was a living and exciting thing, it was real to them, and something they were enthusiastic about. We might know some of the things they did, and we think that if we do the same things, we will be able to catch something of their faith. And so we copy what was done in the past, without knowing *why* these things were done by the people who first did them — and it is this that can become superstition. I believe it was St. Augustine who said that it is futile to believe the doctrine of the Trinity if one does not love the Trinity itself — and that seems to convey the sort of distinction I was trying to make.

# Church Unity

It is natural that many inside and outside the churches wonder whether we, in the ecumenical movement, do not attach exaggerated importance to the question of church-unity. Some have no interest in that question because they consider that the differences between the churches are disappearing anyway. They find Christians in other churches with whom they feel closer kinship than with many in their own church. Others feel that church-unity might aggravate the institutionalist tendencies in church life and create even less flexible structures than we have today. I believe that we must hold on to the original conviction of the ecumenical movement, that it belongs to the very nature of the people of God to live as one reconciled and therefore united family and that it belongs to its witness to present to the world the image of a new humanity which knows no walls of separation within its own life. Even the best co-operation and the most intensive dialogue are no substitutes for full fellowship in Christ.

But I wonder at the same time whether it is not largely our own fault that so many conceive of unity in terms of uniformity and centralisation and are therefore afraid of it.

Should we not have learned after these decades of common life in the ecumenical movement that the Holy Spirit has used very many different forms of church-order for His work of inspiration, conversion and prophesy? And have we given sufficient attention to the indisputable fact that the earliest Church knew several quite distinct types of church order?

My point is simply that there seems to be no really urgent reason to identify unity with acceptance of one and the same church order. Do we not discover in our increasingly pluralistic cultural situation that what is good for one continent or region is not necessarily good for another?

And must we not draw the conclusion that there can be real fellowship in faith and in sacrament even when structures differ?

In any case it remains a central part of the mandate of the ecumenical movement to maintain, as New Delhi put it, that unity is both God's Will and His gift to the Church; that it must be made visible in each place and that the faithful in each place must be united with the whole Christian fellowship in all places and all ages. I hope that Uppsala will not merely confirm this insight, but develop its implications so clearly that all churches may be encouraged to make a much greater effort for the promotion of true unity.

(Extract from an address "The Mandate of the Ecumenical Movement" by Dr. W. A. Visser 't Hooft, at the Fourth Assembly of the World Council of Churches, Uppsala, July, 1968. The full text of his address will appear in our next issue).

## „ONS HET IETS ANDERS VERWAG”

In *Gereformeerde Weekblad* (17 Mei 1968) skryf prof. dr. G. Th. Rothuizen oor die proteste wat op die onlangs gehou sinodes van die Ned. Geref. Kerk van Noord- en Suid-Transvaal opgegaan het teen dans, teen die feit dat die kleredrag van vroue by die dans seksueel stimulerend is, teen die wyse waarop Kersfees in Suid-Afrika gevier word en teen die inhoud van sekere boeke (met die versoek aan die regering om strenger sensuur toe te pas), en sê dat dit vir hom begryplik is.

Teen die dra van 'n minirok het hy ook beswaar, verseker prof. Rothuizen. Nie soseer omdat hy dit sedeloos vind nie, maar omdat dit smakeloos is. Dit is egter moontlik dat dit in Suid-Afrika meer seksueel stimulerend werk as smaakbederwend, maar „dan plaas ek 'n vraagteken nie alleen, en selfs nie in die eerste plek, agter die draers nie, maar agter die kykers. In Suid-Afrika is die manne blykbaar snel op temperatuur”.

Ook vind hy dit begryplik as daar getoorn word teen onsedelike vorme van dans. „Maar 'n mens moet dan duidelik wees en sê wat onsedelik is as daar gedans word. Die eerste moet onder sensuur — die laaste nie. 'n Mens kan moeilik alle vorme van dans gaan verbied. Daarvoor is baie danse eenvoudig te speels en te plesierig”.

Die viering van Kersfees is ook in Nederland 'n „barre

saak”. Maar as in gedagte gehou word 90% van blanke Suid-Afrika kerklik-ingeskrewe is, „is het aldaar wel heel bar”.

„Slechte boeke” heeft men daar blykbaar ook al. Zelfs zó veel, dat men er minstens drie per dag moet verbieden en dat is nog te weinig”. Dit sou miskien darem wel te ver gaan as boeke waarin daar gedans word, ook al is dit in minirokke, verbied sou word.

Dit is begryplik, sê prof. Rothuizen, al ag hy dit nie in dieselfde mate verstandig nie.

Maar in die hele saak is daar iets wat onbegryplik is.

„Ons het immers iets anders verwag toe die grootste kerk in Suid-Afrika begin protesteer het. Ons het 'n besluit verwag op 'n punt waaroor die hele (ook Protestantse, ook Gereformeerde) wêreld in gretige afwagting verkeer. Op 'n punt waar, nota bene, Suid-Afrika self van 'n reusagtige probleem praat. Ek bedoel natuurlik die apartheidsp probleem. Persoonlik vind ek dit geen probleem nie, in die sin dat ek die apartheidspolitiek onchristelik ag. Nie omdat die blankes in Suid-Afrika nie genoeg vir die swartes sou doen nie. Hulle doen daar waarlik nie min nie. Die Vorster-regering selfs meer as ooit. En die N.G. Kerk staan daarby nie agter nie. Hierdie kerk gee bv. miljoene en miljoene vir die sending. Maar omdat, omgekeerd, swart daar so weinig vir blank mag doen, daartoe eenvoudig nie in staat geag word nie. Dit vind ek

in flagrante stryd met die mees elementêre opvattinge van liefde tot die naaste. Om jou naaste lief te hê, beteken nie slegs om jouself nodig te maak vir jou naaste nie, maar ook om vir jou naaste duidelik te maak dat jy hóm nodig het vir jouself (Matter). Om vir iemand iets te mag doen, is selfs nog meer as om saam met iemand iets te mag doen. Maar daarvoor nie nou nie. Wat vanuit Suid-Afrika altyd teenoor ons buitestaanders gesê word, is dat ons veels te maklik en probleemloos praat oor iets wat volgens die mense daar 'n reusagtige probleem is. Nouja — nogmaals — wanneer hulle tog as kerk die swye gaan verbreek en resolusies gaan opstel, dan moes ons op dáárdie gebied iets kon verwag het. Veral vanuit 'n kerk wat in Suid-Afrika 'n politieke invloed het wat nie onderskat moet word nie, omdat die meeste lede van die regeringsparty, die Nasionale Party, wat die apartheidspolitiek ingevoer het en verdedig, lidmate is van hierdie kerk. Dit klink nie erg mooi nie. Ek kan dit mooier sê. Anders as die Nederduits Hervormde Kerk het die Nederduitse Gereformeerde Kerk apartheid nie in sy kerkorde opgeneem nie. Ook was dit hierdie kerk wat hom in 1964 tot die owerheid gewend het in verontrusting oor die arbeidsomstandighede van die Bantoes. Laat ek dit dan nou só stel: Juis daarom moes 'n mens nou iets meer en iets anders kon verwag. Maar niks daarvan nie”.